

Mark-mening

Sjuut, maar jou pensioen is 30% minder werd

Magnus Heystek

Vanuit feitlik alle oorde - binne-lands en ook buitelands - word die ANC-regering gemaan om drasties ingrypende veranderinge aan die land se ekonomiese bestuur teweeg te bring ten einde groei aan te wakker en die land beter te bestuur.

As dit nie Fitch en Moody’s is wat waarsku oor die stygende trajek van die land se skuld nie, is dit onafhanklike ekonome soos Mike Schüssler wat waarsku dat ons almal in die ekonomiese gemors is wat jare gaan neem om te herstel.

Reeds voor die Covid-19-pandemie was Suid-Afrika in ’n resessie en was die afgradering na rommelstatus deur Moody’s amper die laaste spyker in die doodskis - en toe kom die grendelstaat en die drakoniese ingrypings-

maatreëls van die ANC wat dinge vererger het.

Die ekonomiese gevolge van die wanbestuur, diefstal en korrupsie van die afgelope tien tot 15 jaar slaan nou oral uit, hetsy op makro-ekonomiese vlak in die vorm van werkloosheid van 30% en meer van die bevolking, tot kritieke syfers soos die begrotingstekort voor lenings wat hierdie jaar sowat 15% van die bruto binnelandse produk (BBP) gaan beloop met ’n daling in die ekonomie van sowat 8% op ’n jaar-grondslag vir 2020.

Selfs die Internasionale Monetêre Fonds, by wie die land bykans R80 miljard moes gaan leen, sê Suid-Afrika kan nie op sy huidige pad voortgaan nie.

Maar vanuit een bron veral heers daar ’n dowerende stilte oor die ekonomiese agteruitgang: die land se batebestuurders wat

in beheer is van sowat R8 duisend miljard se bates in pensioenfondse en ander vorme van beleggings wat hulle namens hul lede en beleggers bestuur.

Want hulle sit met die akkuraatste syfers wat die gevolge van hierdie ekonomiese ramp duidelik meet: die dalende groeikoers van die beleggings van miljoene Suid-Afrikaners se aftreegeld wat in die afgelope vyf jaar en in sommige gevalle sewe jaar nie die inflasiekoers kon klop nie.

Op ’n baie eenvoudige berekening wys hierdie tendens dat die meeste Suid-Afrikaners se pensioenvoordele in die afgelope vyf jaar met 30-40% gedaal het teenoor die groeitendens wat voorheen vir baie jare die norm was.

Die groot rede hiervoor is die gebrek aan feitlik enige groei in die JSE oor die afgelope vyf tot sewe jaar, en veral die maatskappye wat grootliks in Suid-Afrika sake doen en afhanklik is van plaaslike toestande. Indien die vertoning van buitelandse maatskappye soos BAT, Richemont en ook Naspers uitgehaal word, wys die onderliggende prestasie van die JSE ’n uiters kommerwekkende vertoning. Haal Naspers uit en die JSE het die afgelope vyf jaar met bykans 25% gedaal. Dit kan gesien word aan die prysvlakke van baie plaaslike maatskappye, veral in die eiendoms- en vervaardigingsektore.

Hierteenoor het buitelandse

Opbrengs van regulasie 28-aftreefondse

	1 JAAR	3 JAAR	5 JAAR	7 JAAR	10 JAAR
Multi-bate (lae aandele)	4,13%	4,52%	4,95%	6,27%	7,51%
Multi-bate (medium aandele)	3,62%	3,53%	4,04%	6,17%	7,51%
Multi-bate (hoë aandele)	3,36%	3,22%	3,77%	6,23%	8,30%

Bron: Moneymate Julie 2020

Grafika24

bates die afgelope tien jaar en meer met sowat 15-20% per jaar gestyg, en in sekere sektore (soos tegnologie) met nog meer.

Die probleem word vererger deur regulasie 28 van die Pensioenwet wat voorskryf hoeveel buitelandse blootstelling die oor-grote meerderheid aftreefondse aan buitelandse bates kan bekom. Hierdie blootstelling word sedert 2011 beperk tot ’n maksimum van 30% met nog 10% wat toegelaat word vir Afrika-beleggings, wat ook nie baie goed vertoon het nie.

Die gevolg hiervan is dat die meeste mense nou begin agterkom daar is nie enige wesentlike groei in hul aftreefondse nie. Mense kla toene-mend oor uittreeannuïteite en dat die huidige randwaarde van hul beleggings nie veel gestyg het nie en in sommige gevalle kwaai gedaal het.

Só het die aftreefonds van een van die drie groot versekerings-

reuse in Suid-Afrika oor vyf jaar jaarliks ’n negatiewe groei getoon, met die gevolg dat die reële waarde (inflasie-aangepas) ’n daling van 25% was.

Ek glo die meeste spaarders in tradisionele aftreefondse het die afgelope vyf jaar ’n reële daling van bykans 20-30% ondervind.

Hierdie voorbeeld kan dalk ekstreem wees (altans, ek hoop so, want ’n mens moet maar ’n behoorlike Sherlock Holmes wees om hierdie statistieke te gaan uitsnuffel), maar selfs wanneer ’n mens gaan kyk na die gemiddelde opbrengste van die reg. 28-fondse van die Suid-Afrikaanse effektrust-bedryf, soos saamgestel deur Moneymate (einde Julie 2020), sien jy dat feitlik geen kategorie (lae, medium en hoë aandeleblootstelling) die inflasiekoers geklop het oor vyf jaar nie. En hierdie syfers sluit nie eens die koste van administrasie en beleggingsadvies in nie, wat ’n verdere vermindering

Probleem is vererger deur regulasie 28.

van sowat 1,5% per jaar beteken.

Die inflasiekoers oor vyf jaar was gemiddeld 5,4% per jaar. Vir meeste mense is die inflasiekoers van mediese skemas, elektrisiteit en erfbelasting aansienlik hoër.

Selfs oor sewe jaar begin die opbrengste sukkel teen inflasie (sien die grafika hiernaas).

Tog word die publiek voortdurend aangeraai om meer te spaar - en dit in instrumente wat feitlik geen groei getoon het in vyf tot sewe jaar nie. Dit help ook nie om syfers te gebruik om te wys dat die JSE oor 20 jaar wêreldmarkte geklop het nie. Dit was te danke aan ’n reuse-bulmark van 2002 tot 2007 (op die rug van ’n kommoditeitsbulmark) wat sedertdien in duie gestort het. Die afgelope 15, tien en vyf jaar het die JSE teenoor alle groot wêrelddele onderpresteer, en veral oor die afgelope vyf jaar.

Daar behoort ernstig besin te word oor regulasie 28 en die beperkings en die skade wat dit tans aan lede van aftreefondse doen. Dit behoort ook ander bateklasse in te sluit, soos Krugerrande, wat oor die afgelope 15 jaar met gemiddeld 15% per jaar gegroei het.

Hoekom kan mens nie kies om goud en ander edelmetale in jou aftreefonds te sit nie, soos wat baie ander moderne lande soos Australië toelaat?

Vanuit die geledere van die aftreebedryf is daar ’n dowerende

stilte oor hierdie onderwerp. Dis een van die ongeskrewe reëls in hierdie bedryf dat die regering en die reguleerders nooit in die openbaar gekritiseer word nie.

Onlangs het Andrew Lapping, grootbaas van Allan Gray, die oë laat rek toe hy in Mei die regering liggies in die openbaar gekritiseer het, maar ’n week later het hy sy uittrede aangekondig.

Ook Thys du Toit, een van die stigterslede van Coronation Batebestuurders en nou nie-uitvoerende direkteur van Old Mutual, het sowat ’n maand gelede mens aan die praat gekry met sy siening dat as mens nie in die buiteland belê nie, is jy “dood”, soos hy dit uitgedruk het.

Hy bestuur nou ’n buitelandse batebestuurder, Rootstock Investments.

Daar kan weliswaar gesprekke agter die skerms wees, maar vir die gewone lede van aftreefondse is daar nie eintlik iemand wat namens hulle praat nie.

Die krisis in aftrede - wat die land reeds tref - word ook nog vererger deur die residensiële eiendomsmark wat in 12 jaar nie gestyg het nie, en les bes rentekoerse, wat tot die laagste vlakke in 50 jaar gedaal het . Erger kan dit nie gaan nie... of kan dit?

■ **Magnus Heystek is beleggingstrateeg by Brenthurst Wealth, wat Intellidex pas aangewys het as Boetiek Welvaartbestuurder van die Jaar.**